

# Let noukeurig op Jesus Christus, dan sal jy nie moedeloos word nie

**Skrifgedeelte: Hebreërs 3:1-6**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 3:1**

Ons leef in spanningsvolle tye as gevolg van die verdrukking en verleiding van die wêreld wat op verskillende maniere tot ons kom. Al die druk op hulle laat gelowiges dikwels ook voel dat alles vir hulle net te veel word om elke dag normaal met die lewe te kan aangaan. Die Hebreërgemeente het onder die verdrukking, vervolging en verleiding wat hulle beleef het, geestelik agteruitgegaan en gedreig om in die geloofswedloop uit te sak. Hulle het hoofsaaklik uit Jode bestaan wat tot die Christendom bekeer is.

In hierdie brief moedig die Here hulle deur die skrywer aan om in die geloof te volhard, en in Hebreërs 3:1-6 vergelyk Hy daartoe Moses en Jesus. Die Jode het groot respek vir Moses en sy werk gehad, maar hier leer hulle dat Jesus groter as Moses is. Dis omdat Hy die Apostel is wat God gestuur het en die Hoëpriester wat Homself geoffer het – Hy is die inhoud van die geloof wat ons bely. Moses se werk was maar ten eerste op die aardse Jerusalem gerig, maar Jesus s'n is op die hemelse gerig. Daarom gee Hy hulle opdrag om noukeurig op Jesus te let. Die Griekse woord beteken letterlik om jou volle aandag, oë en gedagtes op iets te rig. Dit is soos 'n student wat leer, wat die aandag van alle ander dinge moet aftrek en net op sy

werk moet konsentreer, anders verloor hy 'n klomp van die inhoud wat hy moet leer. So moet die volle aandag op Jesus wes, op dit wat op grond van sy Woord bely word. Die oë en gedagtes moet noukeurig gerig wees op dit wat Hy geleer en gely het. As die Hebreërs in hulle lyding die oog op sy lyding en verlossing gehou het, sou hulle hul lyding geduldig kon dra en nie uitsak in die geloof nie.

Ons aandag vandag moet ook nie te veel op die wêreld en te min op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof, wees nie. Ons moet nie met soveel dinge besig wees dat ons nie noukeurig op Jesus, die inhoud van ons belydenis, let en van Hom alles verwag nie, want dan word ons moedeloos.

As ons ons oë en gedagtes gerig is op sy Woord en dit wat ons van sy verlossing bely, gee Hy ons krag om alles te dra. As ons werklik met aandag op Hom let en Hom aanroep, sal ons nie onder die druk van die wêreld beswyk nie, want Hy het die swaarste lyding onder God se toorn vir ons reeds gedra.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H35